

BOEKBESPREKINGS

Barnard, dr. C. J.: *Genl. Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900. Sy rol in die groot veldslae van die Tugelalinie*. Pp. VIII, 233, kaarte, foto's, bibliografie, register. A. A. Balkema, Kaapstad, 1970, R7.50.

In ons geskiedskrywing is daar gedurende die afgelope tien tot vyftien jaar 'n merkbare toename in belangstelling vir die tydperk van die Tweede Vryheidsoorlog, van Afrikaanse sowel as Engelse kant. Of die werke nou van populêre of van meer wetenskaplike aard is, almal getuig van groter objektiwiteit en meer insig as die wat voorheen verskyn het. Dit is begryplik. Namate dié bewoë tyd verder in die verlede wegsak, kom daar 'n rustiger benadering. Die jongste toevoeging tot hierdie groep werke is bogenoemde doktorale proefskrif van prof. C. J. Barnard van die Universiteit van Suid-Afrika.

Benewens 'n inleidende hoofstuk oor Louis Botha se lewe voor die oorlog, behandel dit sy rol in die eerste vyf maande van die oorlog en eindig met die terugtog van die Transvaalse magte uit Natal. Dit is die eerste van twee dele wat Botha se loopbaan gedurende die oorlog behandel.

Hierdie werk kan in twee opsigte behandel word: as 'n stuk geskiedenis van die veldslae in Natal waarin Botha so 'n leidende aandeel gehad het en andersins as 'n biografie. Die twee aspekte kan natuurlik moeilik van mekaar geskei word. Tog stel ek my voor dat die skrywer hier ook voor die vraag te staan gekom het wat seker elke skrywer van 'n biografie ondervind. Dit is nl. die vraag in hoever streng by die persoon, wat die onderwerp van die biografie is, gehou moet word en in hoever uitgewy moet word oor die gebeurtenisse en omstandighede wat met sy lewe in verband staan. Daar is biografieë wat wydlopend is, o.a. die bekende „life-and-times”-tipe wat in die Engelse geskiedskrywing nogal veel voorkom. Daarteenoor is daar die wat streng op die persoon konsentreer en meer neig tot sielkundige ontleding as blote beskrywing.

In hoofsaak het dr. Barnard so na as moontlik by die persoon van Botha gehou, maar hy moes tog die verskillende veldslae waaraan hy deelgeneem het min of meer uitvoerig beskrywe. Steeds het hy dit egter deur die oë van Botha probeer sien. Slegs af en toe vra mens jouself af waar Botha op hierdie of daardie stadium van 'n veldslag was. So het hy dit ook nodig gevind om die veldslag van Vaalkrans en die van Pietersheuvel in besonderhede te beskryf, hoewel Botha in die eerste geval slegs aan die einde daarvan bygekam het ná hy met verlof in Pretoria was, en hy in die tweede geval slegs oor 'n gedeelte van die Boerefront bevel gevoer het. Dit was egter nodig ter wille van 'n goeie begrip van die verloop van gebeurtenisse.

Die verhaal van die groot veldslae aan die Tugelalinie, die van Colenso, Spioenkop, Vaalkrans en Pietersheuvel, is 'n verhaal wat altyd sal boei. In die hande van dr. Barnard het dit weer eens 'n boeiende verhaal geword. Hy is 'n uitstekende verteller. Hy haal sy gegewens hoofsaaklik uit die primêre bronne, meestal uit die oorlogstelegramme, en weens sy suiwer wetenskaplike metode kry ons telkens 'n nuwe blik op omstandighede. As gevolg hiervan is sy vertelling steeds fris en verstrekkend hy af en toe feite wat voorheen by ander skrywers nie aandag geniet het nie, of wat nie bekend was nie. Soms is hy ook in staat om sekere wanopvattinge reg te stel.

Wat die leser weer eens tref by dr. Barnard se weergawe van dié stuk geskiedenis is die losse militêre organisasie van die Boere en die byna willekeurige wyse waarop offisiere aangestel en bevorder is, ook die groot mate van improvisasie

wat te pas gekom het by die uitwerk van 'n gevegs- of verdedigingsplan. Dat daar soms groot foute begaan is deurdat verkeerde persone op sekere punte in bevel geplaas is, blyk weer eens uit hierdie weergawe van die gevegte. Dat daar ondanks dit alles soveel sukses behaal is, verbaas mens soms. Dr. Barnard se studie bring mens weer onder die indruk van hoe die afloop van 'n veldslag in 'n groot mate afhanklik was van die moraal van die burgers. Botha het altyd goed besef dat die moraal so maklik kon omslaan, soos wel tydens die laaste geveg gebeur het. Een van sy vernaamste take was om steeds die frontlinie te besoek en steeds die burgers moed in te praat met die volle inset van sy persoonlikheid. Dit is miskien hier waar sy grootste sukses gelê het.

Dit bring ons by die beoordeling van die boek as biografie. Hier is dit interessant om te vergelyk in welke opsig die skrywer se voorstelling van die persoonlikheid van genl. Louis Botha verskil van die van sy ander biograwe, by name lord Buxton en F. V. Engelenburg. In hoofsaak is dit meer indringend, minder verheerlikend en dweepend. Beide konsentreer meer op Botha as staatsman. Vir Barnard is Botha die nederige leier wat hom nooit probeer opdring het teenoor die ouer generaals nie, die man wat nooit na eie eer gesoek het nie maar steeds offervaardig was; wat ten spyte van sy knap militêre deursig, verdraagsaam teenoor die onbekwaamheid van ander was en altyd bedagsaam teenoor sy burgers opgetree het wat hom vertrou en bewonder het. Miskien is daar te weinig kritiek en te veel aanprysing.

Tog, 'n historikus moet hom laat lei deur die bronne wat tot sy beskikking is. En dit is die Botha wat vir die skrywer te voorskyn getree het uit sy eie verslae en telegramme aan pres. Kruger en die regering, aan genl. Joubert en ook aan sy vrou. Uit die verslae spreek 'n warm, opregte menslikheid. Uit die beskrywings van tydenote blyk dat hy reeds na die slag van Colenso 'n soort van „legende in sy eie tyd” geword het. Uit die koerantopskrifte van die tyd lees ons: „Botha beats them back”; „The hero of the hour”; „Leve generaal Botha”. Dit is die beeld van 'n mooi mens wat in die uur van nood tot die redding van sy volk gekom het.

Maar soos dit die geval met elke biografie is, moet mens steeds in die oog hou dat dit die skrywer se voorstelling van die persoon is, hoe objektief die benadering ook al is. Net soos elke geskiedenisboek nooit kan weergee wat werklik gebeur het nie, net so kan geen biografie die persoon, wat die onderwerp van sy beskrywing is, weergee soos hy werklik was nie. Die bronne is altyd te karig om die werklikheid weer te gee. Maar al is die skrywer ook toegegooi met bronne dan kan geeneen daarvan die intiemste gedagte van 'n persoon weergee nie. Hoe weet ons wat Botha werklik gedink en innerlik ervaar het toe hy Buller se magte by Colenso sien terugtrek het, of toe hy die Toegelinie ten slotte voor hom sien ineen stort het? Die steeds bemoedigende telegramme wat hy aan pres. Kruger en genl. Joubert gestuur het, gee tog seker nie die volle inhoud van sy gemoedselewe weer nie. Botha was ongetwyfeld 'n veel meer gekompliseerde persoonlikheid as wat die skrywer hier aan ons voorskilder.

Tog, 'n skrywer kan net werk met die bronne wat hy het; en dit is dr. Barnard se volste reg om die bronne te interpreteer soos hy dit hier gedoen het. Maar, en dit is eintlik al kritiek wat ek het, hy het die leser nie genoeg deelgenoot gemaak van die ander moontlikhede nie, van die voortdurende vraagstelling waarmee hy as navorser en skrywer steeds gekonfronteer is nie. Die geskiedskrywer beweeg steeds op daardie grensgebied van weet en nie weet nie, van sekerheid en onsekerheid, van vermoede en twyfel. Hy mag hom nie op verbeelding en gissing verlaat nie. In sy vermoede mag hy nooit so ver gaan dat hy nie meer grond

onder sy voete voel nie. Die geskiedenis bevat nou eenmaal meer vrae as antwoorde, meer onsekerheid as sekerheid, en om werklik betroubare geskiedenis te skryf, moet die skrywer die onsekerhede nie verswyg nie.

Vir my gevoel is die skrywer in hierdie geval net 'n bietjie te seker dat sy voorstelling van Botha die ware jakop is.

Dat die boek tot sulke gedagtes prikkel, getuig van die gehalte daarvan. Dit is na my mening 'n voortrefflike werk wat sy plek onmiddellik in ons historio-grafie sal vind en wat 'n standaard stel vir ander historici wat dergelike studies beplan. Daar word uitgesien na die verskyning van die tweede deel.

Die boek is opgelug met 'n aantal foto's, meestal van Botha self, of alleen of in groepe, meestal bekende foto's, wat hier egter die teks in so 'n mate aanvul dat dit vir ons nuwe betekenis kry. Veral die kaarte van die slagvelde verdien spesiale vermelding. Dit is voortreflik en verhoog die leesbaarheid van die boek in 'n hoë mate.

F. J. du T. Spies.

Brett-James, A.: *Europe against Napoleon. The Leipzig Campaign 1813*. Pp. 320. MacMillan, Londen, 1970. R6.50.

Hierdie boek deur Brett-James, hoof van die departement *Warstudies* by die Britse koninklike militêre akademie te Sandhurst, is een van 'n nou voltooide trilogie oor die laaste oorlogsfases van Napoleon. Die ander heet *1812* (Rusland) en *The Hundred Days* (Elba tot Waterloo).

Die werk bevat 'n mooi stofomslag, 13 sinvolle illustrasies, 'n personeregister, drie waardevolle kaarte en 'n stewige bibliografie. Die bepaalde hardeband bring egter mee dat die boek minder maklik hanteer.

In hierdie uitgawe vind die leser weergawes van deeglik uitgesoekte verslae, notas, indrukke, briewe en vertellings van ooggetuies van die Volkerebotsing van Leipzig van Oktober 1813. Allerlei slag persone kry die geleentheid om hulle oor die grootste militêre ontmoeting van die tyd tussen honderduisende soldate en keisers, konings of adellui uit te laat — geneeshere, leiers, verslaggewers, akademici of eggenotes uit verskillende volksgroepe.

Hierdie uiteenlopende, losstaande materiaal is deur die skrywer, wat heelwat ander werke van militêre inslag op sy kerfstok het — naas die genoemdes — met groot sukses tot 'n sinvolle verhaal saamgevoeg. Die Europese militêre situasie, die aanloop tot die stryd, die verloop self en daarna word deur byna daaglikse uiters interessante mededelings tot 'n eenheid gebring. Sodoende het 'n besondere verhaal ontstaan; 'n feit wat deur die aangename styl verhoog word.

Die leser kry 'n beeld van die ellende wat oorlog vir wanner en verloorder, vriend en vyand, soldaat en burgerlike meebring. Die menslike aangeleentheid oorheers dan ook die werk. Oorlogstegnieke, voedsel- en krygsvoorraad, die geestelike gesteldheid van soldate en hulle aanvoerders en dergelike besonderhede word helder uiteengesit. Die atmosfeer van die tydsges is laat herleef.

Maar méér as dit is die werk waarlik nie. Eienaardige brokkies nuus is opgespoor en in 'n enkele band versamel, maar dit dien nie as besondere geskiedenis-materiaal vir die navorser nie. 'n Alte groot en beslissende militêre oomblik behoort darem nie uit die toevallige mededelings van 'n wye kring van persone oortertel te word nie.

Nogtans word die leser deur die noodsaaklikheid daarvan getref dat ou aantekeninge, briewe, dagboeke en ander soortgelyke materiaal bewaar moet word. Immers, sonder hierdie oënskynlik nuttelose besonderhede deur onbetrokkenes kon die verhaal beswaarlik sodanig verbeeld word. Ons eie publiek het nog 'n lang weg om in hierdie opsig af te lê en almal wat enigsins met die geskiedenis te maak het, sal ons gemeenskappe hiertoe moet aanspoor.

Die boek word veral vir onderwysers aanbeveel omdat dit wemel van anekdotes, voorbeelde van leierskap en heldemoed, deur enkelinge en 'n groep, of van veragte teregwysings. Daardeur kan lesings verlewendig en vermenslik word.

M. J. Swart.

Van der Bijl, J.: *Van der Bijl, 1667—1967, geslagsregister*, pp. XVI, 78, 1 kleurafb. 15 ill. Kaapstad, A.A. Balkema, 1968.

Die Van der Bijl-familie het nie so 'n groot rol in ons land gespeel as party ander families nie, volgens P. v.d. Bijl in sy voorwoord tot hierdie werk. Maar van die begin af was hulle goeie patriotte en voorstanders van die vryheid. By die burgerbesware teen die Oos-Indiese Kompanjie in 1706, het G. v.d. Bijl ruimskoots sy deel gehad en was hy een van die groepie Kaapse burgers wat na Amsterdam gestuur is. 'n Mevrouw Pretorius en mev. v.d. Bijl het by 'n ander geleentheid deur Stellenbosch gestap terwyl hulle luidrugtig op 'n drom geslaan het, waarmee hulle te kenne gegee het dat die tradisionele skietwedstryde weer ingestel moes word. Die neiging om standpunt in te neem vir wat volgens hul mening reg en juis is, is by hierdie familie blykbaar 'n algemene karaktertrek wat deur die jare nie verminder of verlore gegaan het nie. Op haar beurt het Ouma van der Bijl geweier om na die Tweede Vryheidsoorlog 'n eed van getrouheid aan die Britse owerheid af te lê. Dit is juis hierdie families, die ou tradisionele veelal professionele groep, wat die blywende krag van land en volk vorm, generasie na generasie, meer nog miskien as ander geslagte waarvan plotseling een loot toringhoog opskiet, om daarna vir generasies terug te sak asof hierdie kragstaking net te veel was.

In die 13de eeu het vier broers hulle in 'n rusie tussen twee landsgrawe ingemeng. Na afloop is elkeen beloon vir sy stryd lustigheid met 'n naam en 'n familie-wapen, vir daardie tyd 'n baie groot eer. Uit die manier waarop hierdie episode in die voorwoord vermeld word, blyk wel dat die skrywer besef dat mens versigtig moet wees met sulke oorlewerings. Maar die wapen kom voor op silwer knope van livreikleding, wat in die laaste kwart van die vorige eeu op Grootte Schuur, toe in besit van die weduwee J. A. v.d. Bijl, gebruik is. Dié herehuis is in 1893 aan Rhodes verkoop.

Die v.d. Bijls het in 1667 na die Kaap gekom. Daar is drie takke gevorm: die van Malmesbury, wat aan die begin van die 19de eeu uitgesterf het; die Spier-tak en die Welgemoed-familie, genoem na die ou Kaapse huis waaruit hulle oorspronklik spruit. Twee seuns het later in Engeland gestudeer en daar gebly, sodat daar ook nog 'n Engelse tak is.

Die familie was van die begin af vooruitstrewend en het al gou in goeie doen gekom. Nadat Gerhard v.d. Bijl uit Amsterdam teruggekeer het, het hy 'n eis teen die regering ingestel vir agterstallige rente op geld wat hy aan die Kompanjie geleen het. Maar in 'n testament van 1713 word gepraat van „onze tydelike goederen en middelen, ons door Gods genade verleend en op kosten van ons sweet en bloed suur uyt d'Africaanse wildernessen opgedolven hebben.” Godsvrugtige mense, wat baie

hard moes werk om iets te bereik. Dis bitter as 'n mens lees hoe later deur 'n onverstandige huwelik van Elizabeth v.d. Bijl met J. Bleumer, die ou familieplaas Vredenburg verlore moes gaan.

Die v.d. Bijls woon eers hoofsaaklik in die Swartland en in die omgewing van Stellenbosch. Maar namate die familie sowel as die land uitbrei, trek hulle verder en ons vind hulle naderhand oral in die Republiek en Suidwes-Afrika, in Rhodesië en Sentraal-Afrika. Hulle werksaamhede is in alle lae en groepe van die bevolking: daar is 'n kaartjiesondersoeker in diens van die Spoorweë, loodgieters en ketelmakers, maar veral veel in die professies: wetsgeleerdes, artse, ekonome, universiteitsdosente, wetenskaplike navorsers en 'n opmerklige groot aantal in die hoër range van die Suid-Afrikaanse strydkragte. Die eerste losieshouer op Gordonsbaai, die eerste boomkweker in Suid-Afrika, die eerste boer was Jersey-beeste ingevoer het, en die eerste groot staalmagnaat in ons land, was 'n v.d. Bijl.

Die belangrikheid van die boek is nie net die stamlyste nie, wat gelukkig volgens dieselfde sisteem opgestel is as die Pama-de Villiers geslagregisters. Daar is tewens 'n biografiese toeligting by elkeen vir sover as dit nagegaan kon word. Gevolglik is die boek nie net van familiebelang nie, maar vorm dit vir ons geskiedenis in die algemeen 'n interessante bron van inligting. Daar is 'n uitstekende dubbelregister: op eie name en op aangetroude familienaam. Laat ons hoop dat hierdie boek 'n aanmoediging sal wees vir ander vooraanstaande families om op soortgelyke voortreflike manier 'n oorsig van hul voorgeslag op te bou.

F. G. E. Nilant.

Picard, H. W. J.: *Grand Parade, the Birth of Greater Cape Town, 1850 — 1913*. Pp. X, 178; 111 afb. (5 kleur). C. Struik, Kaapstad, 1969. R9.50.

In vergelyking met mnr. Picard se vroeëre werk, *Gentleman's Walk*, wat ruim twee eeue omvat, is die periode wat in bg. boek ter sprake kom nouliks 'n driekwart eeu. Dit beteken natuurlik nie dat dit minder belangrik hoef te wees nie. Die tweede helfte van die 19de eeu en die eerste kwart van die twintigste eeu is vir ons moontlik nog interessanter en minstens belangriker as die vroeëre eeue. Hierdie jare vorm die tydvak onmiddellik voor ons eie. Die oorsake van baie verskynsels wat hulle vandag voordoen, kan na die voorgaande periode terug gevoer word. In wese was hierdie tydperk die begin en die eerste ontwikkeling van die meganisering van die daaglikse lewe, die ontstaan en groei van die moderne verkeer, kortom, die tyd waarin geleer moet word om groter en wyer te dink as wat dit vir die ou Kaapse Vlek nodig was. Reeds nou het die groot verkeer sy eise begin stel. Strate in die binnestad moes geteer word, tremspoore word aangelê, daar word 'n begin gemaak met die bou van spoorweë, eers na die voorstede en in 1863 word die lyn van Worcester geopen. Die meganiese verbinding met die binneland het hiermee begin. Na die buitewêreld gaan dit ook met groter snelheid. Die *Bosphorus*, die eerste stoomboot wat in Kaapstad aanlê, vaar in veertig dae na Engeland — vir daardie tyd 'n ongehoorde snelheid. Ook posverbindinge en paaie word verbeter.

Ons kry 'n goeie insig in die bonte lewe aan die Kaap, met al sy plesier en moeilikhede. Watervoorsiening, higiëniese toestande, die onbevredigende reëling van die brandweer, wat alles jarelank moeilikhede veroorsaak het. Eers in die tagtigerjare word deur burgemeester J. Woodhead, begin met die eerste verbeterings. Die onnodige afkap van die pragtige eikebome in Adderleystraat, is 'n

voorbeeld wat met die bou van die nuwe gereghof in 1890, gelukkig nie herhaal word nie. Pogings om die Paradedgrond te bebou, kan eweneens verhoed word.

Politiek het altyd baie van die burgers se aandag geveerg. Met veel eerbied word die figuur van mevrou Marie Koopmans-de Wet beskryf. Sy word as die bewaarster van Kaapstad se gewete en selfrespek beskou.

Daar is baie historiese feite wat in hierdie boek bespreek word en besonder interessante anekdotes wat anders moontlik verlore sou gaan, word uitvoerig meegedeel. Dit alles word vertel met dieselfde goeie humor wat ons reeds van die skrywer ken. Geen aspek van die daaglikse lewe word oorgeslaan nie; besoeke, o.a. van Mark Twain in 1896, die builepes wat in 1901 in Kaapstad gewoed het, amptelike geboue, onderwys en museumwese, die koms van die *Alabama* in 1863, die standbeeld van Jan van Riebeeck, wat in 1898 onthul word, ens. Daar word egter afgereken met oorlewerings wat ongegrond is. Daar word daarop gewys (bl. 125) dat die opvatting, as sou Distrik Ses vir honderde jare 'n woongebied vir Kleurlinge gewees het, as onjuis beskou moet word. Tot 1860 was die gebied dun bevolk en selfs tot 1908 was dit nog oorwegend blanke stadsgebied. Eers nadat stadigaan meer en meer Kleurlinge van die mindere soort met hul beperkte opvattinge oor higiëne en privaatheid begin intrek het, het die blankes begin pad gee.

Ons aandag word ook gevestig op die ietwat vreemde voorwaardes vir munisipale verteenwoordigers wat tot gevolg gehad het dat so baie verwaarlosing tussen 1840 en 1860 ingetree het (bl. 70-71). Raadslede ontvang geen vergoeding vir hul werk aan die gemeenskap nie, maar kan voordele probeer kry uit munisipale kontrakte. Latere wetgewing het hierdie euwel uit die weg geruim. Betreklik uitvoerig word die werk en doelstellings van die verskillende opvolgende burgermeesters geskets, dikwels nie sonder 'n mate van ironie nie. Elkeen kom egter ten volle tot sy reg vir wat hy tot die vooruitgang van die stad bygedra het.

Ondanks alles is Kaapstad vandag 'n moderne stad, met voldoende water en kragvoorsiening, moderne paaie en toenemende handel en industrie, mooi aangelê en 'n pragtige omgewing, museums en 'n hoë kulturele lewe. 'n Prestasie waarop met reg trots gevoel kan word.

Die boek is pragtig geillustreer met stadskaarte en foto's na aanleiding van ou skilderye. Daar is 88 afbeeldings van Kaapstad tussen 1850 en 1913, waaruit duidelik blyk dat daar op baie gebiede stadigaan vooruitgang bespeur kon word. Daar is ook 'n uitgebreide indeks.

Dit is 'n uitstekende boek oor Kaapstad, vol historiese feite en wetenswaardighede, maar ook vol van kleiner voorvalletjies wat interessant is en wat anders moontlik vergeet sou word. Elkeen wat belangstelling het vir ons geskiedenis in die algemeen en veral vir Kaapstad self, behoort hierdie boek in sy besit te hê.

F. G. E. Nilant.

Nienaber, P. J.: *Taal en Beeld, die Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbewegings*. Pp. 90, illus. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, sonder datum.

Hierdie werkie is 'n aanskouingsles. Met 141 foto's en illustrasies en 'n kernagtige teks, slaag prof. Nienaber daarin om die verhaal van die Afrikaanse Taalbewegings deur die oog as 'n lewende werklikheid aan die kind voor te stel.

Die boek bevat tien hoofstukke en is soos volg ingedeel: I. Die Angliserings-tydperk; II. Die Opkoms van Afrikaans; III. Voorbereiding; IV. Die Genootskap

van Regte Afrikaners; V. Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging; VI. Baanbrekers; VII. Verenigings; VIII. Amptelike Erkenning; IX. Letterkunde; en X. Afrikaans Vandag. Die boek het geen bladsynommers nie. Om hiervoor te vergoed, is die illustrasies, waarop die samesteller die klem wil laat val, deurlopend genommer. Elke bladsy het een of meer afbeeldinge en die teks wat daarby verskyn, het betrekking daarop. Die oningeligte, die kind in hierdie geval, kan egter nie altyd uit die teksgedeelte aflei wie of wat die illustrasies voorstel nie. Hiervoor moet na die end van die boek geblaa word na die *Inhoudsopgawe*, wat nie die hoofstuktitels weergee nie, maar wel die byskrifte van die illustrasies.

Elke skoolbiblioteek en elke Afrikaanse huisgesin behoort 'n eksemplaar van hierdie werk te hê en selfs die versamelaar sal dit verwelkom om soveel welgekose illustrasies oor die geskiedenis van die Afrikaanse taal teen 'n prys van R1.95 te bekom.

M. C. van Zyl.

Trevelyan, H.: *The Middle East in Revolution*. Pp. 266. Macmillan en Kie, Londen, 1970.

Die skrywer van hierdie werk was Britse ambassadeur in Egipte, Irak en Aden tussen die jare 1955 en 1967. In hierdie tyd het hy daar drie Arabiese rewolusies beleef. Hierdie werk is die vrug van sy bevindinge tydens sy verblyf in die bogenoemde lande. Die werk is geen geskiedenis van daardie tyd nie, maar is veel eerder 'n persoonlike relaas van beleefde ervarings in die Nabye-Ooste in 'n periode van vinnige en radikale veranderinge. Die skrywer stel dit onomwonde dat hy geensins van enige amptelike bronne gebruik gemaak het nie. Hy probeer egter om 'n objektiewe beeld weer te gee.

Die werk is in drie dele verdeel en val soos volg uiteen: Deel een handel oor Egipte in die jare 1955-1956 en is getitel *Cairo*. Deel twee handel oor Irak onder die opskrif *Baghdad* en behandel die Irakse politiek tussen die jare 1958 en 1961. Die derde deel van die werk is 'n bespreking van gebeure in Aden tussen die jare 1966 en 1967. Die skrywer konsentreer op die gebeure van die jaar 1967. Die opskrif van die laaste hoofstuk is: *Aden 1967*. In hierdie jaar het die Britte hul troepe uit Aden teruggetrek en daarmee het hulle geheel en al as politieke faktor uit die Nabye-Ooste verdwyn.

Teen 1955 het dit gelyk asof die spannende toestand in Egipte besig was om ietwat meer vloeibaar te word en asof die Brits-Egiptiese verhouding besig was om te verbeter. Die skrywer is egter van mening dat Gamal Abdul Nasser onnodig en met opset probeer het om die verhouding sover moontlik te vertroebel. Daar was die openlike propaganda teen die Baghdad-Pakt wat verder vererger is deur die Anshun-insident. Die Israeliese aanval op Gaza het die Britte in 'n verdere dilemma geplaas, want Nasser het hiervan gebruik gemaak om druk op die Britse regering te plaas vir meer wapens aan Egipte en sou hy dit nie van hierdie bron kon verkry nie, dan was daar nog altyd Rusland.

Hoewel Egipte nooit in die ware sin van die woord 'n Britse kolonie was nie, het die gemiddelde Brit op straat in die vyftiger jare tog Egipte beskou as die „symbol of the decline of the British Empire”. Die feit dat daar vandag nog geen eensgesindheid in die Arabiese wêreld is nie, is niks nuuts nie en die skrywer voer hierdie onmag tot samewerking terug na 'n ou jaloesie tussen Egipte en Irak. Nasser kon nie en wou miskien ook nie, met Nuri Said van Irak saamwerk nie.

'n Verdere probleem wat hom voorgedoen het, was of Egipte en die Soedan moes verenig of nie. Die Britte wou graag die argitek van 'n onafhanklike Soedan wees, maar toe Salah Salem van die Soedan verdwyn het, moes hulle met Nasser onderhandel. 'n Onafhanklike Soedan sou ook beteken dat Brittanje minder troepe in die gebied kon hou en hulle was juis gretig om hulle troepe te verminder. Die Britte het dan ook hul sin gekry toe die Soedan op 1 Januarie 1956 sy onafhanklikheid gekry het en dit nie as deel van Egipte nie.

Wat die verhouding met Israel betref, merk die skrywer op dat Nasser tot in Februarie 1955 geglo het dat daar 'n weg tot vrede was tussen die twee lande, maar die aanval op Gaza het hierdie moontlikheid vir goed vertroebel. Israel dra baie skuld aan die oorlog, want sê die skrywer „from time to time, the Israelis deliberately provoked the Egyptians”. Die Israelse troepe het opsetlik so diep soos hulle kon Egiptiese gebied binnegedring en die Egiptiese soldate beledig.

Nasser was 'n werklike opportunist wat selde lank voor die tyd sy idees oordink het. Een van sy mees populêre uitdrukkings was „Really, I have no plan”. Nasser se groot gebrek was dat hy geen politieke vernuf besit het nie.

In 1958 is die jong koning van Irak deur Abdul Karim Qasim van sy troon verdryf en ook is die Britse ambassade afgebrand. Dit was die begin van die rewolusie in Irak. „The crash came, and in one day the old links with Iraq were severed, never to be restored”.

Kort na die rewolusie het Qasim by die Russe aangeklop om hulp in die vorm van wapens. Dit wil voorkom asof hy nie geheel afhanklik van die Britte wou wees nie. Die Britte was wel bereid om Irak van wapens te voorsien om sodoende die Russiese invloed daar te probeer stuit.

'n Verdere dilemma wat geskep is deur die rewolusie, was Qasim se poging om Koeweit by Irak in te lyf. Die Britte het egter daarin geslaag om die *status quo* in Koeweit te handhaaf. Dit wil inderdaad voorkom asof Qasim slegs die Russe tot sy eie politieke voordeel gebruik het. Aanvanklik met die uitbreek van die rewolusie was die Russe algemeen bekend as die helde, maar met die verloop van tyd het hulle populariteit vinnig begin afneem.

Ook in Aden het die Britte die wind van voor gehad en die skrywer som die hele situasie soos volg op: „Our period of occupation did the country little permanent good, for all the selfless work of many devoted Englishmen and so many good intentions. Whatever the rights or wrongs of the way we left, the time for us to be there was over. It is better that we are gone.”

Hierdie tydperk word dikwels beskryf as 'n fase waarin die Britte ten opsigte van hulle buitelandse beleid hopeloos gefaal het, maar die skrywer is eerder van mening dat dit 'n tyd was waarin die Britte opnuut moes probeer aanpas by die veranderende situasie wat na die Tweede Wêreldoorlog met Duitsland ontstaan het.

Veral in die lig van die huidige toestand in die Nabye-Ooste, behoort hierdie werk 'n wye leserskring te vind. Wat vandag gebeur, is beslis nie nuut nie en dit is nog steeds dieselfde stryd om heerskappy in die Arabiese wêreld.

D. W. van der Merwe.

Schukow, Georgi K.: *Erinnerungen und Gedanken*. Pp. 684. Deutsche Verlags-Anstalt, Stuttgart, 1969.

Ruim vier-en-twintig jaar na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog verskyn die outobiografie van Maarskalk Georgi K. Schukow (Zhukov) waarin hy sy weergawe gee van die gebeure aan die Sowjet-Duitse front gedurende die

Tweede Wêreldoorlog — gebeure waarmee hy as bevelvoerder van die Russiese leër wel deeglik vertrou is.

Die grootste gedeelte van die boek handel, soos mens kan verwag, oor die Tweede Wêreldoorlog en al die belangrike veldslae tussen die Duitse en Russiese magte word in detail bespreek. Ons leer Schukow die militaris ken, die argitek van die moderne Russiese leër, die verdediger van Leningrad, Moskou en Stalingrad, die bevryder van Wit-Rusland uit die greep van die Duitse magte, in die opmars teen Berlyn en as die hoof van die geallieerde afvaardiging wat op 8 Mei 1945 die oorgawe van Duitsland aanvaar. Herhaaldelik kry die leser 'n kykie agter die skerms as Schukow, soms met kostelike humor, die ontmoetings tussen Stalin en die geallieerde leiers skets.

Daar is egter ook die ander sy van Schukow: die seun uit 'n arm en groot gesin van 'n skoenmaker-boer van Strelkowka op die Russiese platteland, sy moeilike jeugjare wat hy grotendeels in diens van sy oom Sergej deurbring, sy kennismaking met die militêre lewe gedurende die Eerste Wêreldoorlog en sy snelle opgang in dié rigting na die Russiese Rewolusie tot die hoogste pos in die Russiese leër. Van sy verval in onguns by Stalin na 1946 en van sy terugkeer na die openbare lewe as Russiese verdedigingsminister na die dood van Stalin, rep Schukow geen woord nie.

Dit is 'n besonder boeiende en leesbare boek wat veral vir diegene met belangstelling vir die politiek en die militêre geskiedenis interessant sal wees.

N. O. Roos.

Gutsche, Thelma: *The Bishop's Lady*. Pp. 246, 58 ill., 7 kaarte. Howard Timmins, Kaapstad, 1970. R7.50.

Die naam Sophy Gray, vrou van die eerste biskop van Kaapstad, word in 'n hele aantal boeke oor Kaapse boukuns genoem as die ontwerper van kerkgeboue vir die Anglikaanse Kerk (Honikman, bl. 138; Gordon Brown, bl. 96; Hattersley, bl. 250). In hierdie boek egter word die rol wat hierdie vrou aan die Kaap gespeel het, tot in besonderhede verduidelik.

Sophy Myddleton groei op in die Durhamdistrik, in N.O. Engeland, en het ongetwyfeld oor meer as gewone kunstaalent beskik. As gevolg van 'n toenemende bekommerdheid oor kerklike omstandighede in die Britse kolonies, word in 1847 'n biskopsetel in Kaapstad ingestel en Sophy se man, Robert Gray, word as eerste biskop aangestel. Voor hulle vertrek het Sophy baie planne en besonderhede i.v.m. bou-ontwerpe en van bestaande kerke in Engeland afgeteken. Die neo-Gotiek was die heersende styl, wat met opmerklik veel ywer deur argitekte en bouers nagevolg is.

Biskop Gray het sy taak met bomatig veel erns aangepak. Dit was duidelik dat 'n kerklike organisasie van die grond af opgebou moes word, nuwe gemeentes moes gestig word en elkeen het sy kerkie nodig gehad. Hy reis baie rond, tot diep in die binneland, gewoonlik deur Sophy vergesel, en oral waar gemeentes van voorneme was om 'n kerk te bou, is die gemeente van 'n plan wat deur Sophy aan die hand van haar voorbeelde opgetrek is, voorsien. Gevolglik is kerke op grond van haar planne in Clanwilliam, Caledon, Ceres, George, Robertson, Montague, Rondebosch, Claremont en ander plekke gebou. Vandag kan hierdie massale bou-ywer volgens 'n streng voorgeskrewe styl, beskou word as 'n belemmering van die later vryer ontwikkeling van kerklike boukuns in die Kaap. Sophy se planne was destyds egter 'n uitkoms omdat daar niks anders was nie, en ander

argitekthe sou nouliks anders te werk kon gegaan het. Gevolglik kan haar invloed nie onderskat word nie.

Die binnelandse reise, die mense wat hulle ontmoet en die toestande wat hulle aantref, vorm boeiende leesstof. Die menslike atmosfeer bly opmerklik goed bewaar. Uit die aard van die saak word die rol wat Sophy in die algemene kerklike lewe gespeel het, die kerklike moeilikhede, o.a. met biskop Colenso in Natal, en die mislukkings van die Makololo-sendingpogings, knaphandig beskryf.

Daar is vir die eerste keer gebruik gemaak van briewe en 'n ongepubliseerde reisjoernaal uit 1869. Daar is 58 illustrasies en sewe landkaarte. Hoewel daar geen voetnote is nie, word die gebruikte bronne nietemin uitvoerig bespreek. Die boek is 'n voorbeeld van populêre geskiedskrywing op sy beste en is 'n belangrike aanvulling tot 'n deel van die Kaapse geskiedenis waaroor tot nou toe maar min bekend was. Die boek moet sterk aanbeveel word vir die historikus en die kerk-historikus; maar ook die gewone leser sal dit boeiende leesstof vind.

F. G. E. Nilant.

Maurice Tyack: *South Africa, land of challenge*. Pp. 404. L. A. M. Tyack, France Inter Presse — C.P. 541, Lausanne (Suisse).

„This book is not an attempt to answer or refute the sausage-like propaganda which is ground out in South Africa's disfavour. In text and pictures, this is an objective survey, the aim of which is to show the world this country as it is, its possibilities, its problems and how these are tackled. For I believe that out of the whole body of the past, out of its differences, interests, directions, something has emerged that is itself unique in the world: South Africa — complicated, paradoxical, virile, bullheaded, shy, cruel, boisterous, unspeakably dear, and very beautiful.”

Hierdie aanhaling uit die voorwoord gee 'n goeie begrip van die gesindheid waarmee die skrywer sy onderwerp benader het, maar nie van die werklike omvang en inhoud van die boek nie. Dit is 'n luukse uitgawe: 323 bladsye (met nog 'n tagtig bladsye advertensies), 9½ by 12½ duim groot, pragtig ingebind, 600 foto's en 21 kaarte, waarvan ongeveer die helfte in volkleur. Die geheel is omvattend. Dit behels 'n hele reeks hoofstukke oor die aardrykskunde, geologie, plant- en diereryk, voorgeskiedenis, geskiedenis, konstitusionele ontwikkeling, ekonomie, stad en platteland, mynbou en industrie, landbou, Bantoegebiede, ens., met daarby nog die onvermydelike hoofstuk oor Apartheid. Ook aan Suidwes-Afrika word 'n hele aantal bladsye gewy.

Uiteraard word alles oorsigtelik behandel. Die hoofstuk oor die geskiedenis van Suid-Afrika behels sowat 8,000 woorde. Dit is inderdaad 'n baie objektiewe en knap oorsig en verraai die hand van 'n vakhistorikus. Sonder om name te noem, erken die skrywer dan ook die hulp wat hy ontvang het van „Professors, Doctors of the Universities, the many South African institutions, Societies, libraries, and friends . . .” Die skrywer self, Maurice Tyack, word in die aankondigings genoem 'n „journalist and writer . . . the author of more than 20 books about different African countries”. Hy het ruim drie jaar lank die land deurreis en navorsing gedoen voor hy die boek saamgestel het.

Dit is in sy soort 'n voortrefflike werk, „a complete word-and-picture account of South Africa”, soos dit in die aankondiging lui. Tog, die feit dat dit aangekondig word as 'n objektiewe boek oor Suid-Afrika bring ons weer voor die eienaardigheid dat ons feitlik sonder uitsondering steeds dergelyke boeke benader

met die vraagstelling of dit voor of teen, vriendelik of vyandig van gesindheid is. Dit het 'n simptoom van ons lewensuitkyk geword wat byna nie meer opval nie, maar wat tog nie heeltemal normaal is nie. Dit het by ons 'n obsessie geword, wat die onbevangende blik op onself en ons verlede vertroebel.

Hierdie feit het egter niks met die boek as sodanig te maak nie. Soos reeds aangedui is dit 'n boek wat sterk aanbeveel kan word. Dit sal 'n sieraad op enige boekrak wees. Ek kan aan geen beter geskenk dink om aan 'n buitelandse besoeker aan te bied nie.

F. J. du T. Spies.

Scholtz, J. du P.: *Strat Caldecott 1886-1929*. Pp. 150, 9 kleurrepr., 59 afb. A. A. Balkema, Kaapstad, 1970. R9.50.

In 1925 het die Suid-Afrikaanse Spoorweë Strat Caldecott vir twee maande na Sabie gestuur om advertensieprente te maak wat toerisme moes aanmoedig. Hierdie reis het belangrike gevolge gehad. Caldecott het voor die tyd al 'n groot belangstelling vir natuurskoon en historiese geboue gehad. Tydens sy verblyf in Oos-Transvaal het hy diep onder die indruk gekom van wat hy in die Wildtuin gesien het. Hy het 'n passie ontwikkel vir wildbeskerming en natuurbewaring. Dit is op sy inisiatief dat die wildtuin die Kruger-wildtuin genoem is. Vanaf 1925 tot met sy dood in 1929 het hy baie organisasie- en propagandawerk gedoen, o.a. as sekretaris van die Wildbeskermingsvereniging in Kaapstad, om die behoud van wild- en natuurlewe vir die nageslag te bevorder.

Tegelykertyd het hy sterk betoog vir restourasie van die Kasteel in Kaapstad, wat in 1925 bouvallig begin word het. Ook het hy hom ingelaat in die meningsverskil m.b.t. die Suid-Afrikaanse vlag. Dis opvallend dat Caldecott, wat in kunsartikels 'n besonder uitgesproke en sarkastiese mening kon uiter, in die vlagkwessie 'n baie gematigde standpunt ingeneem het. Volgens hom was dit in hierdie geval die enigste korrekte houding.

Intussen het hy voortgegaan met skilder. Teleurstellings het hom nie gespaar gebly nie. Nadat hy ná 'n verblyf van tien jaar in Frankryk na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy hier in impressionistiese skilderstegniek gewerk. Hy het egter 'n groot bewondering gehad vir die werk van Matisse, Picasso, Modigliani en Braque, en dit het hom waarskynlik vir die nadele en tekortkomings van die impressionisme behoed. Hy het 'n groot belangstelling gehad vir die werking van lig, maar hy het ook besef dat die lig in Suid-Afrika baie verskil van Europa. Gevolglik het hy sy kleure by plaaslike omstandighede aangepas en die komposisie, vlakverdeling en algemene opbou van sy skilderye, was baie vaster en grondiger as wat deurgaans by die impressionistiese skilders in Europa die geval was. Die breë publiek in Suid-Afrika het hiervoor weinig aanvoeling gehad. Die belangstelling was gerig op romanties gekleurde landskapsuitbeeldings. Selfs kollegas het nie die belangrikheid van Caldecott se werk besef nie. Dit het gedeeltelik in vreemde hande oorgegaan en ondanks die skrywer se baie intensiewe navorsing, het dit onmoontlik geblyk om 'n aantal werke op te spoor. In verhouding is hierdie aantal veel te groot en ons hoop dat hierdie boek sal bydra om party van die onbekende eienaars van werke van Caldecott weer na vore te bring.

Prof. Scholtz het baie tyd bestee aan die opstelling van 'n opmerklik noukeurige beredeneerde katalogus. Party van die werke wat hy aanteken, het hy self nooit gesien nie, maar die bestaan is bekend omdat hulle in koerantartikels, besprekings van uitstallings en katalogi genoem word. Dit het baie geduld vereis om noukeurig na te gaan watter werk in party van hierdie besprekings bedoel word.

Die boek bevat 'n groot aantal reproduksies van die belangrikste werke van Caldecott. Party hiervan is in kleur. Vir ons kunsliteratuur is hierdie boek van die grootste belang. Dit bring uiteindelik een van ons belangrikste skilders onder die aandag van die publiek. Bowendien kan die grondige navorsingsmetodes wat hier toegepas is, as 'n voorbeeld gestel word vir volgende ondersoekers op kunstgebied. Hierdie boek is 'n baie belangrike kunshistoriese publikasie wat met groot vrymoedigheid aanbeveel kan word.

F. G. E. Nilant.

Schelochowzew, A.: *Chinesische Kulturrevolution aus der Nähe, Augenzeugenbericht eines sowjetischer Beobachter*. Pp. 321. Deutsche Verlags Anstalt, Stuttgart. DM 24.

Die skrywer het 'n deeglike studie van die Chinese volk met sy talle probleme gemaak en is dus heeltemal vertrouwd met sy onderwerp. Sy kennismaking met China tydens die kulturrewolusie was dan ook beslis nie sy eerste ontmoeting met hierdie uiters gekompliseerde land nie. Hy het China reeds voorheen besoek en ook goed leer ken.

Die skrywer noem homself 'n sinoloog. As finale afronding van 'n lang studie is dit die ideaal van alle sinoloë om 'n reis na China te onderneem, maar dit is nie altyd so maklik om in China te kom nie en mens moet jouself gelukkig ag as jy wel daarin slaag om 'n visum te kry. Volgens die skrywer is dit veel makliker om 'n visum na Rusland as na China te kry.

Schelochowzew se werk is ongelukkig geensins wetenskaplik nie en verloor vir die kritiese historikus baie waarde. As aanvulling by die lees van ander wetenskaplike werke het hierdie boek beslis sy meriete. Die werk is as tipe dagboek geskryf en lê sodoende die gebeurtenisse vir die leser onmiddellik vas. Baie dele van die boek neem die vorm van 'n onderhoud aan, wat die leser 'n direkte insae in die gedagtegang van etlike rewolusionêres gee. Vir die toeskouer lyk hierdie kulturrewolusie, wat sy ontstaan aan die Peking-universiteit gehad het, soos „ein Tag und Nacht ohne Unterbrechung andauerendes grauenerregendes Schauspiel“. Oral heers daar onrus, op straat, binne die universiteitsgebou, op die kampus, en hierdie onrus word verder gekenmerk deur talle insidente van geweldpleging. Vergadering op vergadering word belê en diegene wat teen die rewolusie gekant is, word verplig om hul „misdad“ te beken en word sodoende tot nuwe insigte gedwing.

Die skrywer se styl is onderhoudend. Een waarheid bring die skrywer ongetwyfeld na vore en dit is dat China 'n uiters gekompliseerde land is waarvan die westerling erg min weet.

D. W. van der Merwe.

Hauck, K. (Hrsg.): *Frühmittelalterliche Studien, Jahrbuch des Instituts für Frühmittelalterforschung der Universität Münster, 3. Band*. Pp. 382. Walter de Gruyter, Berlin, 1969. DM 88.

Hierdie jaarboek is soos dié van 1967 en 1968, 'n waardevolle wetenskaplike werk.

Die twee-en-twintig artikels daarin opgeneem, was oorspronklik as lesings aangebied by die universiteit van Münster. Die bydraes dek 'n wye veld en is in elke geval so grondig dat dit haas onmoontlik is om elkeen in 'n kort bespreking

naderby te betrag. Gevolglik word slegs 'n aantal van die outeurs en hul onderseike bydraes hier vermeld ten einde sodoende 'n aanduiding van die aard en omvang van die boek te gee. Alfabeties volgens skrywer die volgende: B. Arrhenius, *Zum symbolischen Sinn des Almandin im früheren Mittelalter*; H-G. Beck: *Die Herkunft des Papstes Leo III*; T. Capelle: *Schiffsförmige Hausgrundrisse in frühgeschichtlicher Zeit*; M. Dolley: *Some neglected evidence from Irish chronicles concerning the alleged poisoning of pope Clement II*; W. Foerste: *Die germanischen Stammesnamen auf -varii*.

In die besonder kan verwys word na die uitstekende artikel deur dr. H. R. Ellis Davidson onder die titel *The Smith and the Goddess*. Dr. Davidson is 'n welbekende kenner van die Noord-Europese mitologie en is die skrywer van die werk *Gods and Myths of Northern Europe* (Penguin, 1965), asook verskeie artikels oor die onderwerp in Europese vakliteratuur. Sy bydrae in die jaarboek handel oor die *Franks Casket*. Hierdie klein Noorse ivoorkissie wat uit die 7de eeu dateer en in afmetings ongeveer 10 x 23 cm. is, word in die Britse museum in Londen en 'n gedeelte (die regter sy-kant) in Florence bewaar. Die kissie is buitengewoon belangrik omdat dit sonder enige vergelykbare voorbeeld is. Dit is ryklik versier met reliëf-voorstellinge uit die Teutoonse mitologie en die Christelike geskiedenis. Die naasmekaargestelde voorstellinge is ook uit estetiese standpunt gesien, besonder betekenisvol. Al die uitgekerfde reliëfs is omring deur runes wat tot op die hede nog nie ten volle ontsyfer is nie, ten spyte van die werk wat in die verband reeds deur dr. Herta Marquart en prof. W. Krause gedoen is. Dr. Davidson spits hom toe op die mitologiese voorstelling wat voorkom op die regter sy-paneel, waarvan hy 'n weldeurdagte en sistematiese interpretasie lewer.

By die deurlees van die boek kom mens meer en meer onder die indruk van die intensiewe navorsing wat op die gebied van die Middeleeue gedoen word. 'n Tydperk wat vir so lank as „donker” beskou is, word daardeur vir ons steeds meer verlig.

Die boek is netjies versorg en is voorsien van kaarte, grondplanne, gedetailleerde tekeninge, foto's en bowenal 'n uitgebreide, maar hoogs geselekteerde bronnelys wat van groot waarde vir die ernstige student sal wees. Die werk is sonder twyfel 'n uiters belangrike verryking van die literatuur oor die vroeë-Middeleeue en is onmisbaar vir enige student van dié tydvak.

N. O. Roos.

Lee, D. N. en Woodhouse, H. C.: *Art on the Rocks of Southern Africa*. Pp. 165, 248 ill., kaarte. Purnell & Sons, Kaapstad, 1970. R10.00.

Ofskoon haas elke persoon al van Boesmantekeninge gehoor het en selfs sommige afbeeldings ken, ontbreek die geleentheid tog om hierdie kuns self te sien. Die tekeninge is gewoonlik op rotsmure, hoog in die berge, aangebring, wat moeilik bereikbaar is. Bowendien is dit dikwels moeilik om hulle te fotografeer. Hierdie boek is 'n produk van pure entoesiasme. Die skrywers het al hul vrye tyd bestee om in die berge rond te klim en foto's van ons rotskuns te maak. Hulle het rondgereis in Suidelike Afrika en Rhodesië en na verloop van tyd het hulle 'n geweldige versameling afbeeldings en kleurskyfies opgebou. Daar is gebruik gemaak van 'n nuwe tegniek om foto's van naby te maak. 'n Klein keuse uit hierdie foto's is in dié boek opgeneem.

Dis vanselfsprekend dat die skrywers, met soveel materiaal tot hul beskikking, ook meer en meer oor die rotskuns gaan nadink het. Hulle het gesoek na 'n antwoord op vrae soos: hoe het die skilderinge tot stand gekom, watter gereedskap

is gebruik, wat was die doel van hierdie kuns, wanneer is dit gemaak en deur wie? Aan die hand van die afbeeldings probeer hulle om die lewe en omstandighede van die vroeëre bewoners van Suidelike Afrika te rekonstrueer. 'n Behoorlike studie is gemaak van die dierelewe en die verskillende maniere waarop dit uitgebeeld is, die soort diere, jag en vissery. Ook die uitbeeldings van mense het hulle sorgvuldig bekyk: voorkoms, klere, danse, seremonies en mitologie. Al hierdie pogings bring die rotskuns baie nader aan die leser, wat dit deurgaans tog reeds moeilik vind om te onthou watter bok of figuurtjie hy waar gesien het. In 'n aantal gevalle maak die skrywers egter gewaagde gevolgtrekkings of suggesties. Dis moeilik om saam te stem dat die beskeie afmeting van die skilderinge moontlik in verhouding kan staan met die grootte van die mense wat dit gemaak het. Die figuurtjies verskil daarvoor te veel in omvang van plek tot plek en streek tot streek. Ook sou die kunstenaars nie magiese krag nastrewe omdat kos volop was nie en gevolglik word hier kuns ter wille van die kuns geskep.

Nogtans is dit 'n baie verdienstelike boek. Die tekeninge is gemaak deur Marion Didcott. Elke afbeelding is van 'n verklarende teks voorsien. Die skrywers gee allermens voor dat hulle die laaste woord oor die onderwerp gesê het. Hulle gee ruimskoots erkenning aan vroeëre ondersoekers soos Bleek, Lloyd en Stow.

Die boek is 'n duidelike bewys van hoeveel deur amateurs, wat oor voldoende belangstelling en deurstellingsvermoë beskik, bereik kan word. Dis die spontane benadering wat dit so 'n aangename leesstof maak.

F. G. E. Nilant.

Van Heerden, P.: *Geslagsregister van die familie Van Heerden 1701-1968*. Pp. 463. A. A. Balkema, Kaapstad, 1969.

In April 1701 het Pieter Willem van Heerden, afkomstig van die Nederlandse dorp Heerde (prov. Gelderland), in diens van die V.O.C. in Tafelbaai aangekom om na verloop van ryd op die plaas „Weltevreden”, in die „Land van Waveren”, te gaan boer. In 1708 is hy met mej. Magtilt van der Merwe getroud. Die gesin is met 12 kinders geseën van wie die meeste reeds op betreklik jeugdige leeftyd oorlede is. Die oudste seun, Willem (1709-1767) het nege seuns gehad. Dit was die begin van die Van Heerden-geslag in ons land. Aanvanklik in die Kaapkolonie het verskeie afstammelingen van Pieter Willem noordwaarts getrek en vandag is hulle oor die lengte en breedte van die Republiek versprei. Uiteenlopende beroepe is deur hulle beoefen en verskeie Van Heerdens het op verskillende gebiede gepresteer.

Dit alles blyk uit die eintlike register wat 371 bladsye beslaan en opgebou is uit gegewens uit verskillende argiewe soos kerkargiewe, monsterrolle e.d.m. In ander gevalle het die skryfster familieledede op tientalle plase ontmoet, ook is vraelyste uitgestuur. Waar sy nie vir die betroubaarheid van verstrekte gegewens kan instaan nie, is dit aangedui. Lg. kategorie is klein en op dié wyse het die publikasie 'n hoë graad van betroubaarheid verkry.

Waardevol is ook die aantekeninge (pp. 372-392) wat heelwat gegewens bevat wat anders moeilik bekombaar sou gewees het. Hier sou ons graag nadere bronverwysings gesien het by dié gegewens wat aan testamente ontleen is. 'n Noukeurige nalees van die lys van nooiensvanne toon duidelik aan met watter groot getal ander Suid-Afrikaanse geslagte die Van Heerdens verwant is. Sowel vir die verteenwoordigers van hierdie geslag, hulle wat hieraan verwant is as vir die genealoog en die liefhebber van die geskiedenis van ons ou geslagte, is hierdie werk 'n publikasie van betekenis.

J. Ploeger.